This poem is available for free public use only on 20th March 2012, as part of the worldwide readings in support of the internationales literaturfestival berlin's Freedom for Liu Xiaobo appeal.

In die geselskap van stof

Liu Xiaobo

- vir my vrou, wat dag na dag wag

Niks bly vir jou oor nie. Jy wag op my

in die geselskap van stof

wat opgaar in elke hoekie van ons huis –

jy hou die gordyne dig

sodat die sonlig nie jou stilte versteur nie.

Stof vul die woorde op die boekrak

die patrone op die tapyt

en jou briewe aan my –

jy los fyn spore van stof

met die punt van jou pen.

My oë brand by die lees daarvan.

Die ganse dag lank sit jy stil

gaan nerens heen nie

sodat jy nie die stof onder jou voete vertrap nie.

Jy haal rustig asem

en weef ’n storie met jou stilte.

Stof is jou getroue metgesel

in hierdie verstikkende tye.

Stof vul jou blik, jou asem,

jou tyd. Dag na dag

stapel dit op van jou voetsole

tot by jou borskas, jou keel

die graf wat jy koester in die dieptes van jou gees.

Die graf is jou rusplek

waar jy onverstoor kan wag op my.

Jy bemin die stof

waar jy op my wag

in donkerte, in stilte, in versmoring.

Jy wag vir my in die geselskap van stof –

lê die sonlig af, die roering van lug,

kokon jouself dig in stof.

Slaap so tot ek terugkeer

wanneer jy sal opstaan

die stof sal áfstof van jou vel

jou gees

in ’n wonderwerk van herrysenis.